

10 Januarie

Skrifgedeelte: Levitikus 14:33-15:33 (OAV)

Fokusgedeelte: Levitikus 15:31

God woon onder 'n rein volk

In Levitikus 15 gee die Here voorskrifte oor afskeidings by mans sowel as vroue. Nou kan mens maklik vra: Wat is die doel daarvan? Hoekom word sulke voorskrifte in die Bybel opgeneem? Baie van die kultiese wette wat die Here in die Ou Testament gee, het 'n baie praktiese, higiëniese oogmerk. Só is dit ook hier. Hierdie voorskrifte sorg vir geslagtelike higiëne. Daarom die voorskrifte oor tydperke wat 'n persoon onrein is na 'n afskeiding, en selfs diegene wat met hom of haar in kontak was, asook die gepaardgaande reinigingsrituele. Maar die voorskrifte gaan oor meer as net higiëniese sake. Dit wil ook die verhouding tussen God en sy volk belig – die heiligheid daarvan beklemtoon. Die afskeidings wat hier ter sprake is, het gelei tot kultiese (godsdienslike) onreinheid. Die gevolg was dat mense nie kan deelneem aan die bedrywighede rondom die tempel nie. Hoe wonderlik is dit dan nie om in die Nuwe Testamentiese bedeling te leef nie! Jesus self het al hierdie reinigingswette vervul – hulle hulle volle betekenis gegee. Deur sy offer aan die kruis het Hy eerstens alle skeiding, wat die gevolg van die sonde is, tussen God en die gelowige verwyder. Maar Hy gee ook aan ons sy Gees, wat ons lei op die pad van heiligmaking en ons oortuig van sonde en in staat stel om weerstand te bied teen die sonde. En Jesus self tree vir ons by die Vader in wanneer ons onself weer verontreinig (Rom 8:34). Daarom het ons nou altyd vrye toegang tot God.

Sing: Psalm 139:1,12

Dr AJ Krüger (Barberton)